

NUWE SA REKORD:

sojaboones groter as sonneblomoes

– 23 Mei 2010

PROF JOHAN WILLEMSE, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Die aanbod van die belangrikste sewe oliesade in die wêreld word verwag om heelwat groter te wees in 2009/2010 as die vorige jaar. Die jongste beramings dui op 'n produksie van sowat 429 miljoen ton teenoor die vorige jaar se 386 miljoen ton.

Hoewel verwerking toegeneem het na 'n geraamde 407 miljoen ton, gaan daar 'n opbou van voorraad wees van 59 miljoen ton verlede jaar, na sowat 82 miljoen ton hierdie jaar. Die toename in voorraad laat dollarpryse daal (soos Tabel 1 aandui). Die resultaat van groot soja-oeste is dat die voorraad tot verbruiksverhouding toegeneem het van 14,9% verlede jaar tot 20% – waarvan sojabone sowat 86% van die oordragvoorraad beloop. Sojabone se aanbod is ook sowat 60% van die sewe belangrike oliesade, soos in Tabel 2 getoon.

Die verloop van sojabooneeste in die wêreld is dus die groot drywer van voorraadvlakke en uiteindelik pryse. Een van die redes

waarom sojaboonproduksie so skerp gestyg het die laaste paar jaar, is groot uitbreidings in produksie in Suid-Amerika, maar ook opbrengsverhogende tegnologie (hoofsaaklik GM) wat opbrengste van sojabone baie vinniger laat styg as dié van byvoorbeeld grondbone en sonneblomsaad. Die tendens gaan nog vir 'n hele paar jaar aanhou en dit is vir produsente die moeite werd om sojabone te plant weens die vinnige voordeuring in tegnologie van saadmaatskappye en die stygende opbrengste en dus inkomste.


Suid-Afrika het ook vinnig by die tendens ingeval: vir die eerste keer in die geskiedenis is die Suid-Afrikaanse sojaboones van 588 000 ton (20 Mei) groter as die sonneblomoes van 508 000 ton. Hierdie is 'n baie belangrike gebeurtenis en die tendens sal aandag verg want dit gee aanleiding tot heelwat struktuurveranderinge wat in die volgende paar jaar momentum gaan kry.

Een van die aspekte waaraan deeglike aandag gegee sal moet word, is die uitbreiding in verwerkingskapasiteit van sojabone in die binneland deur geskikte aansporingsmaatreëls.


Dit sal noodsaaklik wees om die verwagte groterwordende soja-oeste te verwerk en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en die Departement van Handel en Nywerheid behoort hierby betrek te word, asook die energiebeleidmakers. Die voorbeeld van Brasilië en Argentinië wat hul verwerking aansienlik uitbrei deur die vervaardiging van biodiesel, wat terselfdertyd ook bykomende veevoere beskikbaar stel, kan beslis as voorbeeld dien.

Sojabone


Die verwagte sojaboones vir 2009/2010 word tans op bykans 259 miljoen ton geraam – wat 'n allemintige toename van 48 miljoen ton is. Die groot toenames kom van die VSA, Brasilië en Argentinië waar die produksie van sojabone skerp groei. Terselfdertyd is Sjina ook besig om 'n impak te maak op die mark waar die land digby 50 miljoen ton sojabone in die komende jaar gaan invoer. Die aankooppatroon van Sjina is krities en sekere handelaars voel ongemaklik oor hierdie dominante posisie. Terselfdertyd duur die woelinge in Argentinië se landbou voort en produsente is traag om hul graan- en




Grafiek 1: Sojapryse – oliekoek (SA hawe) en Safex.



Grafiek 2: Sonneblompriese en randwisselkoers.



Grafiek 3: Grondboonprysaanwysers.



Grafiek 4: Biodieselproduksie.

oliesaadprodukte te verkoop weens die aansienlike staatsinmenging. Terselfdertyd het Sjina ook knorrig begin raak met die Argentynse uitvoerowerhede wat handelaars ongemaklik maak.

Die nuwe plantvoorneme van die VSA se produsente wat aan die begin van Mei bekend gemaak is, asook produksieramings, dui daarop dat VSA se produsente hul sojaboonaanplantings tans uitbrei met sowat 'n half miljoen hektaar. Verlede jaar se oes van 91,5 miljoen ton kan vanjaar verbygesteek word met 'n nuwe rekord-oes.

Teen dié agtergrond is markontleders nie baie optimisties oor die vooruitsigte dat sojaboonpryse gaan styg vanaf die huidige dollarprysvlakke nie. Intendeel, daar kan verdere afwaartse druk ontstaan as die VSA 'n groot oes realiseer wat teen die einde van die jaar beskikbaar kom (produksietoestande is heel gunstig met planttyd). Die noodwendige groter verwerking van sojabone gaan ook heelwat meer sojaboonoliekoek beskikbaar stel en die vooruitsigte is ook hier dat die dollarpryse onder afwaartse druk kan kom in die volgende maande. Langertermyn vooruitsigte is beter, omdat verwag word dat die wêreldaanbod in 2010/2011 effens kan afneem.

Die kritiese vraag gaan natuurlik oor hoe finansiële markte gaan verloop in die volgende jaar, want die randwisselkoers teen die VSA dollar gaan bepalend wees vir Suid-Afrikaanse invoerpryse en dus Suid-Afrikaanse sojaboon- en sonneblomsaadpryse. Die wêreld finansiële markte het in Mei 2010 'n tweede fase van finansiële skok inbeweeg, met die lande se skuld krisis in Europa – ná die skuld krisis in die VSA van 2008. Wisselkoerse het in Mei maand erg gebokspring en die groter volatilititeit gaan met ons bly vir 'n wyle. Ontleders is onseker waarheen die randwaarde kan beweeg – die een denkskool is dat die rand sterk gaan bly (weens die groot probleme in Westerse ekonomieë), terwyl ander voel die rand kan heelwat verswak na R9/\$ teen jaareinde (hoewel diegene in die minderheid is). Die verloop van pryse vir sojabone word in **Grafiek 1** getoon.

Sonneblomsaad

Die wêreld sonneblomsaadoeste het vir 2009/2010 gedaal van 35 miljoen ton na 'n geraamde 31,3 miljoen ton en die voorraadvlakke word verwag om te daal. Die voorraad- tot verbruikverhouding het van sowat 10,7% verlede jaar gedaal na 7,7%. Internasionale markontleders (Oilworld) verwag dat die vraag na eetbare olies in die komende jaar die beskikbare produksie gaan oorskry, wat voorraadvlakke verder gaan laat daal. Die verwagting is ook dat die raapsaad- en kanolaproduksie in Europa laer gaan wees as verlede jaar.

Hiermee saam is die vraag na biodiesel in Europa en Suid-Amerika besig om heelwat toe te neem wat verdere druk plaas op die prys van eetbare olies. Gegewe die fundamentele vraag- en aanbodfaktore, word voorsien dat daar opwaartse druk op die pryse van eetbare olies gaan wees in die komende maande, wat sonneblom sal bevoordeel. Gegewe ook Suid-Afrika se heelwat kleiner sonneblomoese as verlede jaar, sal plaaslike beskikbare eetbare olies ook daal en invoere toeneem. Die randwisselkoers sal krities wees met hoeveel sonneblompryse nog kan styg in die volgende maande. Produksie word wel verwag om in Oos-Europa in hul huidige produksieseisoen toe te neem, wat teen Okt/Nov 2010 op die mark sal wees. Die prysverloop word in **Grafiek 2** getoon.

Grondbone

Argentinië is tans die groot voorsiener van grondbone aan Europa, terwyl uitvoere uit Sjina en Indië afgeneem het. Die uitvoertempo van Argentynse grondbone en -produkte was besonder vinnig die laaste paar maande. Die verwagting is egter dat waar Argentinië se uitvoere heelwat verhoog het in 2009/2010 na bykans 500 000 ton (vanaf 380 000 ton die vorige jaar), daar weer 'n daling kan voorkom in 2010/2011 na 'n totaal van slegs 370 000 ton.

Grondboonpryse het in dollars effens verbeter in die eerste twee weke van Mei 2010 en is ook tans beter as Mei 2009. Weer eens is dit die rand/dollar wat die sleutel hou tot beter

plaaslike pryse vorentoe. Die Suid-Afrikaanse oes toon tekens van swakker gehalte weens die laat reëns en dit kan uitvoervolumes en kwaliteit beïnvloed en so ook die pryse wat produsente realiseer in Suid-Afrika. Die verloop van pryse word in **Grafiek 3** getoon.

Biodiesel in Suid-Amerika

Grafiek 4 toon die gebruik van biodiesel in Brasilië en Argentinië oor die laaste paar jaar aan, vanaf feitlik geen aanwending na sowat 4 miljoen ton. Soja-olie is die grootste bron; die groeiende verbruik stut ook die vraag na plantolie en dus pryse. Sedert Januarie 2010 is 'n verpligte inmenging van 5% biodiesel by minerale diesel van toepassing in Brasilië. In Argentinië is die verpligte inmenging vanaf Maart 2010 verhoog na 5% en daar word verwag dat dit verder verhoog gaan word na 7% in die tweede helfte van die jaar en in 2011 moontlik 7% tot 10%.

Die feit dat Suid-Afrika homself toenemend in kapasiteitsprobleme vasloop met die hantering van groot mielie-oeste, laat 'n mens net weer besef dat daar nie juis sprake is van proaktiewe landboubeleid ten opsigte van die waarde-toevoeging tot landbouprodukte in Suid-Afrika nie. Ons is besig om stadig maar seker tred te verloor met ons internasionale mededingers. Die aanwending van biodiesel in Suid-Afrika behoort baie meer gedebatteer te word, veral waar katoenolie ook gebruik kan word en dit 'n baie goeie gewas is vir opkomende produsente. ■

TABEL 1: BELANGRIKSTE OLIESAADPRYSE (VSA \$/TON EN R/TON).

Produk	20 Mei 2010	Mei 2009	% verandering
Sojabone (Arg)	406	461	-12
Sonneblomsaad (EU)	485	413	17
Grondbone (VSA 40/50)	1 225	1 140	7
Palmolie (Maleisië)	793	799	-1
Soja-olie (VSA)	819	860	-5
Sonneblomolie (Arg)	865	841	3
Sojakoek (Arg)	352	437	-19
Vismeele (Peru)	1 730	915	89
SA sonneblom (Safex R/t)	2 824	3 084	-8
SA sojabone (Safex R/t)	2 564	3 430	-25
Rand/\$	7,68	8,38	-8

Bron: Oilworld en Reserwebank.

TABEL 2: WÊRELDVRAAG EN -AANBOD (SEWE BELANGRIKSTE OLIESADE).

Miljoen ton	2005/2006	2006/2007	2007/2008	2008/2009	2009/2010
Beginvoorraad	64,4	72,6	83,2	70	60
Produksie	384	399	383	386	429,2
- Sojabone	222	237	220	212	259
- Sonneblom	30	30	29	34	31
- Grondbone	24,2	23,1	23,3	24,2	22,3
Verbruik	375,5	388,7	395,9	396	407
Eindvoorraad	72,6	83,2	70	60,4	81,6
Voorraad % verbruik	19,3	21,4	17,7	15,3	20

Bron: Oilworld, Mei 2010.

Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.